

7

PETRUS IN DIE TRONK **God help sy kinders**

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat hulle vir God spesiaal is en dat Hy hulle daarom help in alle situasies.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet die volgende weet:

- God beskerm almal wat in Hom glo.
- Daar was dissipels wat vir ander mense van God vertel het.
- Die dissipels was mense wat oral saam met Jesus gegaan het en vir wie Hy geleer het wat God wil hê ons moet doen.
- 'n Mens moet altyd gehoorsaam wees aan God.

Gesindheid

Die kinders moet –

- glo dat God hulle help omdat hulle sy kinders is en in Hom glo.
- weet dat God ook ander mense gebruik om hulle te help.
- weet dat God se hulp die beste is.

Vaardigheid

Die kinders moet –

- kan bid dat God hulle help.
- ander mense probeer help, want God help ons ook deur ander mense.

MEER INLIGTING (Handelinge 5: 17-25)

- Die Joodse Raad was mense wat nie in Jesus geglo het nie. Hulle het die mooi dinge gesien en gehoor wat Jesus se dissipels gedoen het. Die dissipels was mense wat oral saam met Jesus gegaan het en vir wie Hy geleer het wat God wil hê ons moet doen.
- Die Joodse Raad het gesien dat die mense van Jesus se dissipels gehou het en hulle word toe baie jaloers op die dissipels.
- Hulle laat vang vir Petrus, een van Jesus se dissipels, en gooi die ander dissipels ook in die tronk. Die tronk is 'n plek waar slegte mense en skelms toegesluit word.
- God stuur toe daardie nag 'n engel om die tronkdeure vir Petrus en die ander dissipels oop te maak.
- Petrus en die ander dissipels het vir almal gaan vertel hoe God hulle gehelp het.
- So het God sy kinders, die dissipels, gehelp om uit die tronk te kom. Hulle het aangehou om van Jesus te vertel en te lewe soos Hy hulle geleer het.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Die Bybel.
- Drie boontjiesakkies (± 15 cm gevul met droë bone, mielies of korreltjies plastiek).
- 'n Snippermandjie.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

HET HULLE ONTHOU?

Die kinders vertel wat hulle kan onthou van hul vorige lesse.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Plaas 'n snippermandjie voor in die vertrek en laat die kinders so 3 m daarvandaan stelling inneem. Gee aan elke kind die geleentheid om die drie boontjiesakkies een vir een in die mandjie te probeer gooi. Almal wat dit regkry om aldrie sakkies in te gooi, sit aan die een kant en die ander aan die ander kant. Sê aan dié wat dit nie reggekry het nie dat hulle weer 'n kans sal kry.

IETS BELANGRIK

Lees Handelinge 5: 17-25 en beklemtoon die hoofpunte van die verhaal van Petrus in die tronk soos by MEER INLIGTING weergegee.

Die Here het geweet dat Petrus bang was om in die tronk te sit en alleen te wees in 'n vreemde plek. Daarom het God 'n engel gestuur om Petrus te help. Die engel het daardie nag die tronk se deure oopgesluit sodat Petrus en die ander dissipels kon uitkom.

IETS OM TE DOEN

Vra een van die kinders wat nie aan die begin aldie die sakkies kon ingooi nie om weer te probeer. Laat hy of sy nog verder van die mandjie staan sodat dit feitlik onmoontlik sal wees om die sakkie in te gooi. Staan self naby die mandjie. Die kind gooi hierdie keer die sakkie na jou toe en jy laat dit in die mandjie val, selfs al moet jy dit eers gaan haal. Herhaal dit 'n paar maal. Vra aan die kind:

- Hoe het jy toe die sakkie in die mandjie gekry? Het iemand jou gehelp? Wie? Ek? (Doen dit met almal wat die sakkie die eerste keer nie ingegooi het nie.)
- Het jy gedink dat jy die sakkie elke keer in die mandjie sal kry?
- Wat het die verskil gemaak? *Ek het jou **gehelp** om die sakkie in te gooi.*

So was die Here daar om Petrus te **help** om uit die tronk te kom. Hy kon nie self uit die tronk uitkom nie, maar God het daardie nag 'n engel gestuur om die tronkdeure vir Petrus en die ander dissipels oop te maak. Die Here het hom gehelp, want die Here was lief vir Petrus. So wil die Here jou ook elke dag help.

BY DIE HUIS

- Laat hulle gaan praat oor die vier sketse in hul boeke. Hulle moet besluit op watter twee maniere hulle graag iemand sal wil help of al gehelp het, en dan moet hulle dié twee sketse inkleur.
- Laat hulle nog ander maniere bedink om te help en volgende week vir die klas daarvan kom vertel.

AFSLUITING

Sing Gesang 553 of lees dit vir hulle voor.

*Ek is bly ek ken vir Jesus;
ek is bly ek is sy kind.
En ek bly my hele lewe
aan die Here vasgebind.
Ek is bly ek het 'n Bybel
dat ek elke dag kan lees –
kinders van die Here
het niks om voor bang te wees,
kinders van die Here
het niks om voor bang te wees.*

Laat die kinders die volgende woorde een of twee keer herhaal om dit te memoriseer: *...kinders van die Here het niks om voor bang te wees...*

Sluit af met 'n gebed waarin die Here gedank word vir die feit dat Hy ons help.